**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 31 AUGUSTUS 2017 OM 11:00**

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Verkeers- en Wetstoepassingsdienste, mnr R Steyn
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

## 1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede en amptenare.

Rdl B J Penxa open die vergadering met gebed op versoek van die Speaker.

## 2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl F S Humphreys.

## 3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

### 3.1 MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: WATER SITUASIE

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester om die Raad toe te lig insake die water situasie en die pad vorentoe.

Rdh Van Essen gee die syfers deur wat bekom is vanaf die Departement van Waterwese en Sanitasie – die damvlak van die Voëlvleidam op 28 Augustus 2017 is 25,8% en die gesamentlike inhoud van damme wat water aan die Kaapse Metropool voorsien is 34,2% - dit is onderskeidelik 39.3% en 25.9% laer as dieselfde tyd verlede jaar. Met 10% daarvan as onbruikbare water is **die kwessie dus nie of water gaan opraak nie, maar wanneer**.

3.1/...

Die inwoners in die Swartland kon daarin slaag om ‘n 23% waterbesparing vir die 2016/2017 finansiële jaar te bewerkstelling, wat neerkom op die beperking van 87 liter per persoon per huishouding wat reeds vir Stad Kaapstad geld. Daar sal egter nog strenger waterbeperkingsmaatreëls (vlak-5) ingestel moet word, asook verskerpte sigbare wetstoepassing om die hoë waterverbruikers te forseer om meer spaarsamig met water as ‘n uiters skaars hulpbron om te gaan.

Daar moet ten midde van hierdie krisis die politieke wil wees om moeilike besluite te neem, maar moet daar – soos voorheen versoek deur rdl Philander – gepoog word om die diensterekening bekostigbaar vir alle inwoners van die Swartland te hou. Die aantal persone per huishouding sal ook in ag geneem moet word wanneer daar ‘n beperking in kilililters per maand per huishouding gestel word.

Rdh Van Essen noem dat die krisistyd vir die voorsiening van water waarskynlik tussen Januarie 2018 tot Junie 2018 sal wees. Daar is egter nie voldoende tyd tot Januarie 2018 om die tegniese oplossings betyds te implementeer nie.

Tegniese oplossings wat oorweeg word met gepaardgaande bedryfskoste per kiloliter is as volg:

- Grondwater met behulp van boorgate: Die leweringsvermoë van ‘n enkele boorgat is 200 tot 500 kiloliter per dag. Swartland benodig ±15 000 kl water per dag en sal daar ongeveer 50 boorgate ontwikkel moet word. Die koste vir die ontwikkeling van grondwaterbronne is R14.50/kl;

- Hergebruik van gesuiwerde rioolwater: Die hergebruik van gesuiwerde riool in Malmesbury kan 4 000 kl per dag lewer. Die ontwikkeling van die skema word geraam op R94 miljoen. Die bedryfsuitgawe is ongeveer R15.00/kl;

- Ontsouting by Yzerfontein: ‘n Ontsoutingsaanleg wat 3 000 kl per dag lewer kan in Yzerfontein ontwikkel word. Die koste word geraam op R75 miljoen. Daar moet egter bepaal word of die bestaande waterpype wel die water vanaf Yzerfontein tot Darling sal kan vervoer. Die bedryfsuitgawe is ongeveer R15.00/kl.

Uit voormelde is dit duidelik dat die tegniese oplossings alleen nie ‘n beduidende impak sal hê nie, en dat dit baie duur is om te implementeer. Om te verseker dat daar ten alle tye water in die damme is, lê wel in volgehoue en doelgerigte bewusmakingsveldtogte met die doel om die inwoners se persepsies en houdings teenoor die verbruik van water te verander, en daarmee saam tariewe wat verbruikers sal afskrik om nie meer as die noodsaaklike water te verbruik nie.

**VIR KENNISNAME**

## 4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

### 4.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 27 JULIE 2017

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 27 Julie 2017 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

## 5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

### 5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 19 JULIE 2017

## 6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

### 6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU 27 JUNIE 2017

## 7. SAKE VIR BESPREKING

### 7.1 GOEDKEURING VAN DIE TYDSKEDULE VIR DIE 1STE HERSIENING VAN DIE 2017-2022 GOP EN DIE OPSTEL VAN DIE JAARLIKSE BEGROTING (2/1/4/4/1)

Ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) moet die burgemeester ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê met sleutel sperdatums insake die hersiening van die GOP en begrotingsproses.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

(a) Dat die tydskedule vir die 1ste hersiening van die 2017-2022 GOP en die opstel van die jaarlikse begroting kragtens artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, goedgekeur word;

(b) Dat die Provinsiale Tesourie en die Departement van Plaaslike Regering in kennis gestel word van die voldoening aan artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur en van afskrifte van die tydskedule voorsien word.

### 7.2 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN MUNISIPALE MEENTGROND (ERF 327) TE WESBANK, MALMESBURY (12/2/5/2-8/7)

Die eienaars, *AST African Trading 368 (Pty) Ltd*, van erwe 4175 en 1935, Malmesbury het die Munisipaliteit genader om die grond (groot ±2581 m²) aangrensend tot voormelde eiendomme vanaf die Munisipaliteit te bekom.

Dit is die voorneme van die eienaars om 'n SPAR-kettingwinkel op te rig, en kan die ontwikkeling slegs sinvol gedoen word indien die eiendomme gekonsolideer word. Dit is veral belangrik om die gedeelte aangrensend aan Jasmynstraat te bekom om toegangsbehoeftes vir afleweringsvoertuie aan te spreek, veral vanaf Darlingweg (Hoofweg 224) wat die gebied as hooftoegangspad bedien.

Die eienaars beoog om reeds in Februarie 2018 met die konstruksie 'n aanvang te neem. Die gebou sal ±2 500 m² beslaan en ongeveer 100 werksgeleenthede sal geskep word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl C Daniels, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat 'n gedeelte (groot ± 2581 m²) van Erf 327, Malmesbury uit-die-hand-uit vervreem en oorgedra word aan *AST Africa Trading 368 (Pty) Ltd* vir konsolidasie met Erf 4175 en Erf 1935, en wel ten bedrae van R850 000,00, BTW uitgesluit;

(b) Dat kennis geneem word dat gemelde gedeelte grond tans (as deel van die munisipale meentgrond) ongesoneer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig was of word nie;

(c)/…

7.2/…

(c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om ‘n openbare mededingingsproses te deurloop:

(i) Die betrokke gedeelte grond as ‘nie-bestaanbare bate’ kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie op sy eie as ‘n afsonderlike entiteit ontwikkel kan word nie en slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan ‘n aangrensende eienaar vir gebruik tesame met sy of haar eiendom, soos voorgestel;

(ii) Die voorgestelde samesmelting van gemelde grond met Erf 4175 en Erf 1935 en die ontwikkeling daarvan vir kommersiële doeleindes, aansluit by Strategiese Doelwit 3 van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, naamlik om ekonomiese geleenthede te ontsluit, mobiliteit en ekonomiese skakels te verstewig en om die ekonomiese potensiaal van Swartland-wyke (in hierdie geval wyk 11) te fasiliteer;

(iii) Die ontwikkeling en werksgeleenthede wat uit die ontwikkeling van die grond voortspruit as buitengewoon voordelig geag word vir die betrokke gemeenskap, en dit nie in die beste belang van die Munisipaliteit of die gemeenskap in die algemeen sal wees om ‘n mededingende proses te volg nie;

(d) Dat die transaksie onderhewig sal wees aan die volgende voorwaardes:

(i) Die koper sal, benewens die koopprys, verantwoordelik wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkostes en die kostes wat verband hou die relevante grondgebruiksaansoeke (waaronder hersonering) asook kostes van konsolidasie en (m.v.n. (iii) hieronder) registrasie van dienste-serwitute of verskuiwing van dienste;

(ii) ‘n Gedeelte van die grond (omvang nog bepaal te word) onderverdeel en deur die koper aan die Lionel Traut Familietrust herverkoop sal word, teen dieselfde koopprys (d.i. R328,00 per m²) vir konsolidasie met Erf 7207, Malmesbury;

(iii) Die bestaande water- en rioolpype wat Erwe 4175, 1935 en 327 kruis, hetsy by wyse van ‘n serwituut beskerm word, of verskuif word, in welke geval die ontwikkelaar ‘n ingenieur, toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000, moet aanstel om die verskuiwing van die pype te ontwerp. Gemelde ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring en konstruksie daarvan moet geskied onder die toesig van gemelde ingenieur;

(iv) Daar van die raadsprokureur (Du Plessis & Mostert) se dienste gebruik gemaak word om die verkooppooreenkoms op te stel en oordrag aan die koper te bewerkstellig;

(v) Die voorgenome ontwikkeling op die betrokke gedeelte grond sal moet voldoen aan die toepaslike grondgebruiksparameters, en bouplanne aan die Munisipaliteit voorgelê sal moet word ooreenkomstig die Verordening betreffende die Indien van Bouplanne (PK 56818 gedateer 22 Mei 2015);

(e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;

(f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van die kopers bekom word dat hulle tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag, instem;

(g) Dat volmag verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkoopooreenkoms te mag finaliseer en onderteken.

**7.3 BEWEERDE SKENDING VAN DIE GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN/OF VERORDENING INSAKE DIE ReëLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS (3/1/6)**

Die bevindinge van die Dissiplinêre Komitee na aanleiding van die oortreding van die Gedragskode vir Raadslede en/of die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings deur rdle Philander, Zatu en Penxa is op 25 Mei 2017 deur die Raad oorweeg.

7.3/...

Die Dissiplinêre Komitee het op 27 Julie 2017 vergader om uitvoering aan die mandaat vanaf die Raad te gee, en is die betrokke raadslede versoek om teen 11 Augustus 2017 individuele skriftelike verskoning by die voorsitter in te handig.

Die Speaker bedank die betrokke raadslede vir die verskonings wat ingedien is, en doen ’n beroep op alle raadslede om as leiersfiguur ten alle tye onberispelik op te tree om sodoende ook ’n goeie voorbeeld vir die gemeenskap daar te stel.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat daar kennis geneem word van die verskonings ontvang van rdle Philander, Penxa en Zatu onderskeidelik;

(b) Dat die Raad die verskonings soos aangebied deur die betrokke raadslede aanvaar;

(c) Dat daar uitvoering gegee word aan paragraaf 1 van die bevinding en dat die sanksie met ingang van die September-salarisuitbetalings ten opsigte van elkeen van die betrokke raadslede geïmplementeer word.

**8. ALGEMEEN**

**BESLUIT** dat daar kennis geneem word van die Speaker se reëling dat geen lid van die publiek tot die raadslokaal toegelaat sal word wat na die aanvangstyd van die raadsvergadering opdaag nie.

**GETEKEN:**
**SPEAKER**